

# Afrikaanse Liedere.

## **EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE**

**Woorde en musiek:** F.A. Fagan/Laurinda Hofmeyr

**Uitgewer:** MS/Samro

Ek het 'n huisie by die see, dis nag  
Ek hoor aaneen, aaneen, die golwe slaan  
Teenaan die rots waarop my huisie staan  
Met al die oseaan se woeste krag

Ek hoor die winde huil, 'n kreun, 'n klag  
Soos van verlore siele in hul nood  
Al dwalend, klagend, wat in graf en dood  
Geen rus kon vind nie maar nog soek en smag

My vuurtjie brand my kersie gee sy lig  
Ek hoor dan maar die storm daarbuite  
Ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite  
Hier binne is dit veilig, warm en dig.  
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan  
Dit is 'n rots waarop my huisie staan.

## **STUUR GROETE AAN MANNETJIES ROUX (Laurika Rauch)**

**Woorde en musiek:** Christopher Torr

**Uitgewer:** Mac-Villa Music

My oom se motor is 'n ou masjien  
Hy maak dit vol met dieselien  
En hy sing in die strate as hy ons kom sien  
My oom is oud en ek is skaars dertien

My oom drink koffie en my tannie tee  
Ek vra oor die reën en hy sê ja-nee  
En hy drink soet koffie met sy een oog toe  
En hy praat weer oor die drie van Mannetjies Roux

### **Refrein:**

O stuur ons net so 'n bietjie reën  
My oom het 'n tenk vol dieselien  
En seën my pa en seën my ma  
En my oom op sy plaas in Afrika

Maar my oom het gesukkel op die plaas  
Want die son was te warm en die reën te skaars  
En die man van die bank het net sy kop geskud  
Want my oom, ja my oom was te diep in die skuld

My oom se motor is 'n ou masjien  
Hy maak dit vol met dieselien  
En hy ry na die lande in die oggenddou  
Die lande vaal en sy oë grou

### **Herhaal Refrein**

En as jy in die oggend in die lande stap  
Hoor jy nog sy motor met sy klak-klak-klak  
Maar my oom, ja my oom se oë's nou albei toe  
In sy brief stuur hy groete aan Mannetjies Roux

### **Herhaal Refrein**

## **'N LEKKER VERLANG LIEDJIE**

**Woorde en Musiek:** Kalla Bremer & Don Clarke

**Uitgewers:** Poppo Musique/Monkeyshine Music

Los my alleen – laat my begaan  
Ek soek stilte met my boek en die man in die maan  
Buite, in die donker, sing 'n eensame kriekie  
'n Lekker verlaaaaaaang liedjie

Ek sit die radio aan – om te vlug van my vrese  
Die omroeper sê: “ dis u eie keuse -  
En vir Hantie van Hopetown en André en Vicky  
'n Lekker verlaaaaaaang liedjie

### **Refrein:**

'n Lekker verlaaaaaaang liedjie  
Streel die seerplek in my hart, in my hart – 'n bietjie  
Met die blou saksofoon wat krul om jou kiekie  
En 'n lekker verlaaaaaaang liedjie

Dis Sondagoggend – ek stap langs die see  
Die wind waai my in by 'n klein strandkafee  
Ek sê: “'n tafel vir een en 'n Coke met 'n rietjie  
En 'n lekker verlaaaaaaang liedjie ”

### **Refrein**

Brug:  
Daar sit ek en peins oor geloof, hoop en liefde  
Oor wat was en wat is en wat môre sal wees  
Ek stap terug na my kamer – terug na my stilte  
En die kriek langs die ruit – en 'n boek om te lees – en

### **Refrein x 2**

En 'n lekker verlaaaaaaang liedjie x 2

## **EK'S NOG HIER**

(Nicolis Louw)

Waar ek is kry ons nie koud nie, al is dit winter hier by jou  
En dinge wat op aarde vergaan het, is dinge wat vir altyd hou  
Hoe dit gebeur het maak nie saak nie, dis verby en als is reg  
En tussen ons is als vergewe, want die sondaar is nou weg

En my hart behoort vir altyd nou aan jou  
Sou jy verstaan as ek jou sê of dit verduidelik  
Sou jy kon keer wat met my gebeur het as jy by was  
Sou dit die trane op jou wang dalk net kon wegvat

Babe jy huil want jy verstaan nie, jy dink alles is verby  
Maar ek's nie in 'n kis in die grond nie, en Liewe Jesus sorg vir my  
Hoe dit gebeur het maak nie saak nie, ek's jou engel ek kyk na jou  
Hier waar ek is is geen trane nie, net die trane wat ek huil oor jou

Sien my hart behoort nog altyd net aan jou  
Sou jy verstaan as ek jou sê of dit verduidelik  
Sou jy kon keer wat met my gebeur het as jy by was  
Sou dit die trane op jou wang dalk net kon wegvat

Jy verstaan nie hoe dit voel nie,  
Om hier voor jou te kan staan  
Maar ek mag nie met jou praat nie  
Want ek praat nou 'n ander taal.....Probeer verstaan

### **SKADU'S TEEN DIE MUUR** (Koos Du Plessis)

Die donker kom van buite, en syfer deur die ruite,  
en ek gooi nog 'n paar kole op die vuur.  
En die tafel en die laaikas, en alles wat eers vas was,  
versmelt tot blote skadu's teen die muur.

Ons drome van gister word somber en sinister,  
want kyk, alles het 'n vasgestelde uur:  
ons beplan toringblokke, maar die slopers is betrokke,  
en ons drome is bloot skadu's teen die muur.

Met orrelbegeleiding kom die voorspel tot die skeiding,  
maar dis alles reg, ...die liefde is 'n vuur;  
en van die vurige hofmaak hoor ons later in die hofsaak,  
want die liefde is 'n skadu teen die muur.

In swart of wit getooi in 'n stoet of in konvooi,  
wonder elkeen hoe lank alles nog sal duur:  
en leef holderstebolder, want die kis wag op die solder...  
en die lewe is 'n skadu teen die muur.

Die donker kom van buite, en syfer deur die ruite,  
en ek gooi nog 'n paar kole op die vuur.  
En my voete en my hande word ou bekende lande  
in skadukaarte teen die kamermuur.  
Die wêreld word 'n skadu teen die muur;  
'n flimmerende skadu teen die muur.

### **SKIELIK IS JY VRY** (Koos Du Plessis)

As niemand van jou hoor nie; as niemand van jou weet nie,  
kan jy tog niks verloor nie...kan niemand jou vergeet nie.

As niemand jou bemin nie; as niemand jou ooit raak nie,  
kan niemand trou versin nie, kan niemand jou versaak nie.

Dis tog so eenvoudig: dis jy, alleenlik jy;  
En die groter sorg gaan vanself verby.  
Niks om te verhaal nie, net die vrede bly;  
niks om te betaal nie, en skielik is jy vry.

As jy op niemand leun nie; en niks van iemand vra nie,  
hoef niemand jou te steun nie...hoef niemand jou te dra nie.

Dis tog so eenvoudig: dis jy, alleenlik jy;  
En die groter sorg gaan vanself verby.  
Niks om te verhaal nie, net die vrede bly;  
niks om te betaal nie, en skielik is jy vry.

### **PRETORIA** (Koos Du Plessis)

Pretoria, Jakarandastad, dis weer Oktobermaand...  
 miskien is dit die rede dat ek so verlang vanaand,  
want hoeveel aande het jy nie my lief en leed gedeel...  
en stil geluister wanneer ek my ou kitaar bespeel.

Pretoria, Jakarandastad, waar ek so graag alleen...  
straat op en af geslenter het...in die lentereen.  
waar meisies lank na middernag nog deur die vensters loer,  
en dromend luister na die lied van elke troebadoer.

Pretoria, Jakarandastad, die tyd gaan gou verby...  
en daardie jare I?????; soos ylblou berge agter my,  
maar steeds is ek die troebadoer wat almal wil vertel...  
van jou ou Jakarandastad, met sang en snarespel.

### **EENVOUD (...?..)**

Eenvoud is die vreugde van die lewe,  
dis gee en neem net wat daar is...  
dis dankbaar eet van elke skewe snytjie brood  
...wat liefde is.

### **AS JY MY KON VOLG** (Koos Du Plessis)

As jy my kon volg op die vleuels van die wind,  
na wêreld oorkant die maan, sou jy my spoor in die melkweg vind...  
my tent tussen sterre sien staan.

Want ek is nog jonk, en die wêreld is oud, sy skadu val ver deur die ruim.  
Neem nou my hand want die nag word koud, en waarom sal ons versuim?

As jy my kon liefhe tot alles vergaan, en nooit ooit die skeiding sou vrees,  
Sou ons die lewe kon leer verstaan... 'n oomblik gelukkig kon wees.

Maar ons is nog jonk, en die wêreld is oud, en voor ons het almal gefaal.  
Neem nou my hand want die nag is koud, dis dalk die heel laaste maal.

### **STILLE WATERS** (Laurika Rauch)

Jy't gesê; ons liefde sal bly staan..., al tuimel al die berge in die oseaan.  
Doen vir my 'n gunsie voor jy gaan...gooi vir my 'n klip, 'n klip in die oseaan.  
Wie sal ooit die liefde kan verstaan?, nader as 'n hartklop, verder as die maan.  
Daar's 'n tyd van kom, en 'n tyd van gaan...dit het ek gelees maar hoe sal ek dit ooit verstaan?

En kyk hoe sak die sekelmaan in die stille oseaan. Stille waters, diepe grond, onder draai die  
duiwel... onder draai die duiwel rond.

Miskien is liefde net 'n fantasie. Dis nie alles maanskyn en rose nie...  
Jy was vir 'n rukkie aan my sy, was jy net 'n bietjie...net 'n bietjie lief vir my?  
Miskien is daar 'n plek vir ons twee saam anderkant die berge van die maan.  
En as die maan weer opkom, sal ek onthou...ek was vir 'n rukkie ook 'n bietjie lief vir jou.  
En kyk hoe sak die sekelmaan in die stille oseaan. Stille waters, diepe grond, onder draai die  
duiwel... onder draai die duiwel rond...ek was vir  
'n rukkie ook 'n bietjie lief vir jou.

### **KYK HOE GLINSTER DIE MAAN** (Laurika Rauch)

Ek het in my kinderjare vas geglo in Kersfeesvader, in werklikheid ry hy mos met 'n slee.  
Maar hier stap hy deur die mielies met 'n streepsak en 'n kerie, en my boetie vra:  
"...boer hy in Clocolan?"

Waar is jou rendier, jou silwer spore, waar is my drome van gisteraand?  
Vlieg oor die bome met my drome, ...kyk hoe glinster die maan.

Die winde van die winter het my kinderhart ontnugter, ek en boetie kry 'n rooi jas in die laai.  
Jonk van jare, oud van dae, huil ek hartseer in my kamer, want die fantasie het soos 'n droom  
verdwyn.

Waar is jou rendier, jou silwer spore, waar is my drome van gisteraand?  
Vlieg oor die bome met my drome,...kyk hoe glinster die maan.

In 'n brief van later jare,skryf ek: "Liewe Kersfeesvader, elke meisie het 'n spesiale wens vir 'n man so soet soos suiker, met 'n motor sonder duike; en soen hy jou dink jy dis net 'n droom."

Waar is jou rendier, jou silwer spore, waar is my drome van gisteraand?  
Vlieg oor die bome met my drome,...kyk hoe glinster die maan.

Ek stap toe op 'n aand laat, met 'n kêrel uit die vrystaat.  
Al bestuur hy 'n ou bakkie, s???.; ek : "Kersfeesvader dankie!"  
Want al sy soene is soos suiker,...en in sy hande 'n diamant.

Vlieg oor die bome met my drome,...kyk hoe glinster die maan.

Hier's ons kinders voor die boompie, hulle wag nou vir die oompie,  
my dogtertjie is net 'n bietjie bang.  
Maar hy stap sommer uit die branders, die tye het verander, my seuntjie vra:  
"...woon hy in Jeffreysbaai?"

Waar is jou rendier, jou silwer spore,waar is my drome van gisteraand?  
Vlieg oor die bome met my drome,...kyk hoe glinster die maan.

### **LOSLAPPIE**

O, ek wil huistoe gaan na mamma toe  
Die rivier is vol, my trane rol  
en bokkie wat vannand by my wil lê,  
sy kan maar lê, ek is 'n loslappie

Ek wens ek vlerke soos 'n arend  
dan vlieg ek maar vie ewig oor die see  
dan vlieg ek na die arms van my moeder  
en daar sal ek bly tot die dood

O, ek wil huistoe gaan na mamma toe  
Die rivier is vol, my trane rol  
en bokkie wat vannand by my wil lê,  
sy kan maar lê, ek is 'n loslappie

O, ek wil huistoe gaan na mamma toe  
Die rivier is vol, my trane rol  
en bokkie wat vannand by my wil lê,  
sy kan maar lê, ek is 'n loslappie  
Ek wens ek het vlerke soos 'n engeltjie  
dan vlieg ek deur die tronk se tralies heen  
dan vlieg ek na die arms van my moeder  
en daar sal ek bly tot die dood

O, ek wil huistoe gaan na mamma toe  
Die rivier is vol, my trane rol  
en bokkie wat vannand by my wil lê,  
sy kan maar lê, ek is 'n loslappie

O, ek wil huistoe gaan na mamma toe  
Die rivier is vol, my trane rol  
en bokkie wat vannand by my wil lê,  
sy kan maar lê, ek is 'n loslappie

### **DIE SEEWIND**

Die see spoel oor die strande  
Golwe kom en gaan met die gety  
My hart is vol verlange  
Die seewind bring heimwee na my

Aan jou dink ek gedurig  
So bly jou liefde vir my  
Getrou altyd en ewig  
Die seewind bring heimwee na my

Skemer aande, stil verlange  
Dis my bede, kom terug na my

Aan jou dink ek gedurig  
Drome bring jou weer terug na my  
My lewe is vol verlange  
Die seewind bring heimwee na my

### **HOE SOET IS DIE HERIN'RINGS**

Hoe soet is die herin'rings  
Op my reise elke dag  
Hoe soet is die herin'rings  
Al is jy ver van my

Soos ek deur die lewe gaan  
Ontevredenheid te wen  
Nooit sal jy my kan vergeet  
Hier's jou boodskap wat ek weet

Hoe soet is die herin'rings  
Om te weet dat jy onthou  
Hoe soet is die herin'rings  
Al is ek ver van jou

### **'N LIEDJIE VAN DIE SEE (Sias Reinecke)**

Speel, 'n liedjie van die see  
Speel 'n lied, wat my heimwee; gee  
Speel, 'n liedjie van die see  
Dit bring heimwee na my mee

Vryer, as die weste wind  
So kon ek deur die lewe gaan  
Maar nou, het ek jou gevind  
En is nou bymekaar

Speel, 'n liedjie van die see  
Speel 'n lied, wat my heimwee; gee  
Speel, 'n liedjie van die see  
Dit bring heimwee na my mee

### **MY LEWE SONDER JOU (Sias Reinecke)**

Die liefde kom en gaan verby  
Net soos die golwe op die see  
Sal ons die liefde ooit verstaan  
Wat heimwee; en verlange gee  
Die liefde gaan te gou verby  
Nog voel ons harte kan verstaan  
Jy is vir ewig weg van my  
Alleen moet ek nou verder gaan:

Maar die lewe sonder jou  
Is eensaam en so alleen  
En ek dink nog aan jou -  
en wonder waar is jy heen  
Wie sal ooit kan verstaan -  
Hoe verlange ons hart laat lei  
In die lewe sonder jou -  
Is daar nooit weer 'n liefde vir my

Ek hoor die suidwind oor die see  
Wat van verlore liefde sing  
Dit bring vir my vertroosting mee  
Van bittersoet herinnering  
Net soos 'n seemeeu daar (kan) draai  
En golwe ewig bieg en dein  
Net soos in die seewind rustig waai  
Het al ons liefde nou verdwyn

Maar die lewe sonder jou  
Is eensaam en so alleen  
En ek dink nog aan jou -  
en wonder waar is jy heen  
Wie sal ooit kan verstaan -  
Hoe verlange y hart laat lei  
In die lewe sonder jou -  
Is daar nooit weer 'n liefde vir my

#### **KLEIN KAROO** (Sias Reinecke)

Klein Karoo  
Verre land van verlatenheid  
Klein Karoo  
Waar die Swartberge troon  
In die Klein Karoo  
Het jy nog steeds na my verlang  
Ek kom terug na jou  
By jou wil ek altyd woon

Klein Karoo  
Dis waar ek jou liefde vind  
Elke aand  
Stap ons hand-aan-hand  
Saam met jou  
Kan ek van die toekoms droom  
In die Klein Karoo  
Wil ek met jou woon

Sien jy die aandblom staan,  
die sekelmaan  
die wasigheid wat ontvou -  
soos my heimwee; saans na jou  
Daarom kom ek terug na jou

Klein Karoo  
Verre land van verlatenheid  
Klein Karoo  
Waar die Swartberge troon  
In die Klein Karoo  
Het jy altyd na my verlang

Ek is weer terug by jou  
By jou wil ek altyd woon

Terug in die laatmiddag  
'n gousblom af  
kyk hoe die blare toevou  
Net so veel dae bly nog oor -  
Dan is ek weer by jou

Klein Karoo  
Dis waar ek jou liefde vind  
Elke aand  
Stap ons hand-aan-hand  
Saam met jou  
Kan ek van die toekoms droom  
In die Klein Karoo  
Wil ek met jou woon

### **DIE SEEWIND BRING HEIMWEE** (Sias Reinecke)

Die see - spoel oor die strande  
Golwe kom en gaan met die gety  
My hart - is vol verlange  
Die seewind bring heimwee; na my

Aan jou - dink ek gedurig  
So bly jou liefde vir my  
Getrou - altyd en ewig  
Die seewind bring heimwee; na my

Skemer aande {agtergrond: die seewind}  
Stil verlange {agtergrond: die seewind}  
Dis my bede  
Kom weer na my

Aan jou - dink ek gedurig  
Drome bring jou weer terug na my  
My lewe - is vol verlange  
Die seewind bring heimwee; na my

Skemer aande  
Stil verlange  
Dis my bede  
Kom weer na my

Aan jou - dink ek gedurig  
Drome bring jou weer terug na my  
My lewe - is vol verlange  
Die seewind bring heimwee; na my  
Die seewind bring heimwee; na my  
{agtergrond: die seewind}

### **EK HET GEDROOM** (Amanda Strydom)

Ek het gedroom jy het opgestaan uit jou dood  
en aan my deur kom klop soos altyd met  
blomme, wyn en brood  
jy sê: mek moes net vinnig wegkom en jy maak die  
bottel oop  
ek is jammer oor die drama, maar dis die pad wat  
ek moes loop



Jy gaan sit op die rusbank en glimlag verleë  
my mond is droog, my hande beef as ek die glase  
vir jou gee  
het jy enige idee hoe ons gevoel het met jou dood  
jy was selfsugtig, jy was wreed, jy sê: Miss Mandy,  
sny die brood

koor

En so hard soos ek probeer kan ek nie uit die droom  
ontsnap  
en ek sê vir God, Meester, hierdie droom is n siek grap  
maar hier sit ons op my rusbank en jy kyk my in die oë  
en jy sê ek moet vir altyd in die liefde bly glo x2  
hmm hmm

Ek sny die brood, skink die wyn, sit die blomme in n pot  
terwyl jy giggel oor die knipsels uit die Beeld en  
die Rapport  
daar's meer, sê ek, lees Marie Claire en die  
Huisgenoot  
en Litnet het ontplof met huldeblyke na jou dood  
van Amsterdam tot Sydney is daar oor jou gerou  
en RSG speel sedertdien elke dag n lied van jou  
by n uitstalling in Oudtshoorn oor jou lewe en jou  
werk  
het die mense kom kyk en huil, dit was heilig, soos  
'n kerk

koor

Dan sit jy jou bord neer, en lê jou kop op my skoot  
jy sê: moenie hartseer wees nie, ek is nie regtig  
dood  
solank jy my onthou sal ek lewe in jou kop  
en net jy kan besluit om die herinnerings te stop

Miss Mandy, onthou jy hoe't ons Saterdag geloop  
deur Hillbrow se strate, ons was jonk en so vol  
hoop  
en onthou jy die pub lunch in die Chelsea hotel,  
ons het die slegste bord vis en tjips op aarde  
bestel

En jou gesig begin verdoof in die strale van die  
son  
en waar jy my op skoot gerus het lê n blou ballon  
en ek weet dat jy moes terugkeer na die ander  
kant  
waar jy altyd jonk en vry sal wees en die lewe jou  
nie brand